17

3 → SUBSEQUENT CORRESPONDENCE

# ALEX BOSMAN

## PROKUREURS / ATTORNEYS

**FAKSIMILEE TRANSMISSIE**
**FAKS NO. (051) 472 631**

Tel: (012) 46 2368/46 2382
Fax: (012) 46-2368
P.O.Box / Posbus 36600
MENLOPARK
0102

105 Garsfonteinweg / Road
Alphenpark
PRETORIA
0081

Sy Edele Regter L.T.C. Harms
BLOEMFONTEIN

GRIFFIER REGSHOF (APPÈL...) 1994 -08- 12 REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

ONS VERW/OUR REF: A Bosman/jp/V3794 U VERW/YOUR REF :

11 Augustus 1994

south african history archive SAHA

Waarde heer

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE BEWEERDE MOORDE

Kliënt is Mnr. Joe Verster van Pretoria wat ons versoek het om hierdie skrywe aan u te rig.

Weens die onlangse uitspraak van Sy Edele Regter Levy in Windhoek in die geregtelike doodsondersoek van oorlede Adv. Lubowski staar kliënt uitlewering aan Namibië in die gesig.

In die voorbereiding van kliënt se saak en ten einde sy regte te beskerm is skrywer gelas om die rekord van die verrigtinge ten aansien bovermelde kommissie te bekom slegs aangaande oorlede Adv. Lubowski en wel ten opsigte van sy betrokkenheid by Militêre Intiligensie. Skrywer se instruksies is dat laasgenoemde verrigtinge in camera plaasgevind het.

Onder die omstandighede sal ons dit waardeer indien u as 'n saak van dringendheid sal gelas dat gemelde rekord asook die rekord van die verrigtinge in camera gehou aan hierdie firma beskikbaar gestel sal word teen betaling van die voorgeskrewe kostes.

Skrywer mag net meld dat hy die vrymoedigheid geneem het om u in hierdie verband te nader op aanbeveling en na informele samesprekings met die Staatsprokureur, Mnr. Wagener van Pretoria.

Die uwe
ALEX BOSMAN

Per: